basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# AFRIKAANS HUISTAAL

## Graad 12

## Hersieningsoefeninge

## Opsomming

## 2020

## Bronne: Provinsiale en DBE Eksamenvraestelle en Nasienriglyne


**Erkenning word hiermee verleen aan die volgende samestellers van die**

**Graad 12 Afrikaans Huistaal Vraestelle en Nasienriglyne:**

Vrystaat Departement van Onderwys

Noord-Wes Departement van Onderwys

Gauteng Departement van Onderwys

Department of Basic Education

**Oefening 1**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE wenke vir ouers van dít wat jy nie vir 'n tiener moet sê nie.**

LET WEL:
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Dit is nie nodig om die opsomming ŉ titel te gee nie.
3. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

## Tel nou woorde

*As jy ŉ goeie verhouding met ŉ tiener wil hê, is daar ŉ paar dinge wat jy liefs nie moet sê nie…*

Deur Anys Rossouw

Geduld en wysheid en baie daarvan. Probeer om nie die volgende goed vir jou kind te sê in hul storm-en-drangjare nie. Die Amerikaanse lewensafrigter Simon Bailie sê kinders het op 17 reeds 150 000 keer "nee" gehoor teenoor net 5000 "ja"-antwoorde. Kinders wil nie net ŉ "nee" hoor nie. ŉ "Nee" laat mense voel hulle word nie gehoor nie of hul behoeftes geld nie.

Dikwels hoor kinders dat ouers nie tyd het nie en dan voel hulle onbelangrik. Tog moet hulle besef ouers het ook ŉ skedule en lewe. Hulle moet die boodskap kry dat hulle belangrik is en dat dit lekker is om by hulle te wees.

Kinders se vriende is vir hulle uiters belangrik. As jy hul vriende kritiseer en nie aanvaar nie, voel dit vir hulle of jy hulle en hul keuses nie aanvaar nie.

Tieners verpes dit om met ander vergelyk te word, of te hoor dat hulle nie so goed soos ander is nie. Elke kind het ruimte nodig om homself te wees, sonder om te voel dat hy in iemand se skaduwee leef. Kinders wil ook nie die negatiewe toekomsvoorspellinge hoor wat as ŉ beheermeganisme gebruik word sodat hulle akademies beter sal presteer nie.

Sekere klere, fone of besittings is vir kinders statussimbole wat hulle laat voel hulle is deel van hulle portuurgroep. Ouers moet dus versigtig wees om kinders se behoeftes te ontken deur te sê dat hulle nie geld daarvoor het nie.

Ouers moet versigtig wees om aannames te maak. As ŉ tiener oneerlik is, moet ŉ mens se optrede dit juis vir hulle makliker maak om wel die waarheid te vertel. As jy jou tiener gereeld daarvan beskuldig dat hul nie die waarheid praat nie, gaan dit volgende keer nog moeiliker wees om die waarheid te vertel.

[Verwerk uit *Rooi Rose,* Oktober 2018]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**Oefening 2**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE wenke om jou teen identiteitsdiefstal te beskerm**.

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
2. Jou paragraaf moet samehangend geskryf word.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**BESKERM JOU PERSOONLIKE INLIGTING**

Identiteitsdiefstal kos Suid-Afrikaners jaarliks miljoene rande, en Roy Retief van die Suid-Afrikaanse Bedrogvoorkomingsdiens (SABVD) waarsku dat slagoffers dalk verras kan word met 'n selfoonkontrak, motorverhuringsooreenkoms of lening wat onwettig in hul name uitgeneem is. Pas die volgende wenke toe om jou identiteit te beskerm.

Jy moet jou identiteitsinligting in veilige bewaring hou. Waarmee jy ook al besig is of waar jy ook al gaan, sorg vir die veilige bewaring van jou dokumente en inligting, want die verlies daarvan veroorsaak eindelose veiligheidsrisiko's. Boonop het jy dan die frustrasie om vir nuwe dokumente te moet aansoek doen.

Inligting wat onverskillig en roekeloos op Facebook geplaas word, kan maklik deur booswigte versamel word. So is 'n foto van jou vliegtuigkaartjie 'n maklike manier vir booswigte om inligting te bekom. Wees daarom versigtig watter inligting jy op sosiale media beskikbaar stel.

Verbrand persoonlike dokumente wanneer jy dit wil vernietig, eerder as om dit in die vullisdrom te gooi. Dit is baie veiliger en bied gemoedsrus. Wees boonop bedag op ongevraagde e-posversoeke wat jou vra om jou bankbesonderhede te bevestig. Gevestigde banke sal nie via e-posboodskappe sulke inligting vra nie.

Die SABVD sê mense moet bedag wees op sogenaamde "419"-foefies. "Hier word die persoon via SMS of e-pos gekontak en gesê dat hulle byvoorbeeld 'n lotery of kompetisie gewen het. Om jou prys te kan kry, vra hulle dan sekere inligting. "As dit te goed klink om waar te wees, is dit moontlik die geval."

Die media het vroeër vanjaar berig oor kuberboewe wat mense via Facebook kontak en voorgee dat hulle vriende wil wees. Moenie sulke "aanlyn vriendskappe" met vreemdelinge aanknoop nie! Dit neem gewoonlik nie lank voordat die boewe persoonlike inligting probeer uitvis nie, want vriendskappe is mos die grondslag vir die uitruil van inligting.

Roy beveel aan dat mense by die SABVD 'n "beskermde registrasie" op hul ID laat registreer. "Hierdie inligting word gesirkuleer, en as dit by enige van ons lidmaatmaatskappye gebruik word, word 'n oproep uitgestuur om seker te maak hulle werk met die regte jy."

Die prys vir identiteitsdiefstal in Suid-Afrika ís te hoog. Dit kan voorkom word deur bogenoemde eenvoudige wenke te volg.

[Verwerk uit *Vrouekeur*, 21 Oktober 2016]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**Oefening 3**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die teks hieronder en maak ’n opsomming van **SEWE unieke eienskappe van Suid-Afrika.**

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
2. Jou paragraaf moet samehangend geskryf word.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ’n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**SUID-AFRIKA IN ’N KLAS VAN SY EIE!**

Natuurlik is daar baie redes om oor Suid-Afrika negatief te wees. Waarom dan, te midde van soveel negatiwiteit, wil ons steeds hier woon en werk?

Suid-Afrika toon positiewe ekonomiese groei teenoor die res van die wêreld wat ekonomies maar sukkel. Soos die res van die wêreld het ons probleme: armoede, misdaad en werkloosheid … Desnieteenstaande groei die ekonomie redelik bestendig. Hierdie groeiende ekonomie is inderdaad ’n veertjie in Suid-Afrika se spreekwoordelike hoed.

Tim du Plessis, voormalige redakteur van *Rapport*, sê: “Jy kan in ’n nuwe land gaan oorleef, bes moontlik gemaklik, maar jy sal altyd bly hunker na Suid-Afrika se eiesoortige buiteluglewe. Vra gerus vir die meeste Suid-Afrikaners wat geëmigreer en daarna na die land teruggekeer het, wat hulle die meeste gemis het: braai onder die sterre, voetslaan in die berge, luier op lang, goue strande – tipiese Suid-Afrikaanse buitelugpret! En dan is daar nog ons wêreldklassport: rugby, krieket, sokker, hokkie, atletiek … Sport laat ons bloed bruis!

Suid-Afrika bied aan sy inwoners ’n goue pakket van die mooiste natuurskoon. Mev. Miems Swanepoel, ’n entoesiastiese natuurkenner van Bellville, beklemtoon dat hierdie natuurskoon Suid-Afrika inderdaad uniek maak. “Waar in die wêreld sal jy nog sulke blou berge met voetpaaie vol fynbos,

klipwoestyne en waterarm streke, siedende seestorms en rukkerige bergwinde, skouspelagtige sonsondergange, rooibruin sandduine en bruisende watervalle, wanneer die reën wel kom, kry? Net hiér is dit moontlik!”

Suid-Afrikaners is skeppende, innoverende wêreldleiers op die gebied van die wetenskap. Die Square Kilometre Array (SKA) naby Carnarvon is ’n voorbeeld van ons innovering. Dis voorwaar genoeg rede om breëbors te wees! Suid-Afrika het boonop, in ’n onlangse studie oor geslagsgelykheid in die werkplek, uitgeblink! Hier is ons die meeste lande ver voor.

Vincent Mota, ’n Wimpy-kelner voer roomys vir ’n gestremde kliënt, Nerine Gardiner bak gereeld koeke en deel dit uit aan mense wat liefde nodig het en ’n polisieman deel sy middagete met ’n straatvrou. Ons het omgee-in-aksie … Suid-Afrikaners soos dié wys dat Madiba se droom van ’n omgeenasie nie dood is nie.

Wie wil nou nie deel van só ’n Suid-Afrika wees nie?

[Verwerk uit http://www.blynet.co.za en http://www.netwerk24.com/stemme]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**Oefening 4**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

- Lees die teks hieronder en maak ‘n opsomming van die **SEWE VOORDELE VAN E-BOEKE**. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om die opsomming ’n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**E-boeke: Goedkoper/duurder/dieselfde prys?**

Die verskyning van e-boeke en e-lesers is die grootste revolusie in die boekewêreld sedert die uitvinding van die boekdrukkuns in die vyftiende eeu.

Oor die voordele van e-boeke kan ’n mens lank uitwei. Ek dink ’n mens moet dalk tussen voordele vir die uitgewer en voordele vir die leser onderskei.

Die uitgewer het natuurlik die voordeel dat die uitgawes wat met die druk, bind en verspreiding van papierboeke te make het, met e-boeke uitgeskakel word. ’n Mens se eerste reaksie is dus dat dit beslis baie goedkoper as papierboeke behoort te

wees. Maar dan vergeet jy dat daar steeds papierboeke gedruk moet word, want baie lesers verkies dit nog.

E-boeke word nie oud nie; vergeel nie en word ook nie deur goggas aangeval nie (behalwe die virtuele soort). Dit kan natuurlik die uitgewer se risiko kleiner maak.

Vir die leser is die voordele legio. Die onmiddellike beskikbaarheid is vir my een van die grootste lekkertes. Solank jy ŉ flentertjie van die internet kan bykom, kan jy ŉ boek van enige plek in die wêreld aflaai. Wat dit aan die stand van ons kredietkaarte kan doen, moet ŉ mens ongelukkig ook in berekening bring.

Uitgewers kan nou ook sonder enige moeite ŉ drukfoutjie herstel en verouderde inhoud opdateer. Boonop kan die prys verander word na gelang van die verkoper se behoefte of strategie.

E-boeke is maklik om te dra, want jy kan ‘n hele biblioteek met jou saamdra sonder om oor hulle gewig bekommerd te wees. Daarby het boekwurms ook nie die probleem van pakplek nie.

My droom is dat boeke eendag so goedkoop sal wees dat ŉ ma sonder huiwering ŉ paar boeke saam met die brood en melk in die winkeltrollie sal pak
Oor een ding kan ons egter nie stry nie: Die wêreld is ŉ vreeslik interessante plek en die koms van e-boeke het dit nog interessanter gemaak.

[Verwerk uit: http://altacloete.wordpress.com/2016/10/27/]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**Nasienriglyne**

**Oefening 1**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

***'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik.***

Probeer om nie net "nee" te sê vir jou kind nie. Kinders wil nie hoor dat jy nie tyd het om nou aan hulle aandag te gee nie. Hulle wil nie hoor dat jy nie van hulle vriende hou nie. Kinders wil nie vergelyk word met iemand anders nie. Ouers moenie kinders met negatiewe toekomsverwagtinge probeer beheer nie. Hulle wil nie hoor dat daar nie geld is nie. Kinders wil geglo word en wil nie hoor dat hulle leuens vertel nie.

**Getal woorde: 81**

**Of**

| **AANHALING UIT TEKS** | | **MOONTLIKE BEWOORDING** | |
|---|---|---|---|
| 1 | Kinders wil nie net ʼn “nee” hoor nie. | A | Probeer om nie net "nee" vir jou kind te sê nie. |
| 2 | Dikwels hoor kinders dat ouers nie tyd het nie en dan voel hulle onbelangrik. | B | Kinders wil nie hoor dat jy nie tyd het om nou aan hulle aandag te gee nie. |
| 3 | As jy hul vriende kritiseer en nie aanvaar nie, voel dit vir hulle of jy hulle en hul keuses nie aanvaar nie. | C | Hulle wil nie hoor dat jy nie van hulle vriende hou nie. |
| 4 | Tieners verpes dit om met ander vergelyk te word, of te hoor dat hulle nie so goed soos ander is nie. | D | Kinders wil nie met iemand anders vergelyk word nie. |
| 5 | Kinders wil ook nie die negatiewe toekomsvoorspellinge hoor wat as ʼn beheermeganisme gebruik word sodat hulle akademiese beter sal presteer nie. | E | Ouers moenie kinders met negatiewe toekomsverwagtinge probeer beheer nie. |
| 6 | Ouers moet dus versigtig wees om kinders se behoeftes te ontken deur te sê dat hulle nie geld daarvoor het nie. | F | Ouers moenie kinders se behoeftes ontken en sê daar is nie geld nie. |
| 7 | As jy jou tiener gereeld daarvan beskuldig dat hul nie die waarheid praat nie, gaan dit volgende keer nog moeiliker wees om die waarheid te vertel. | G | Kinders wil geglo word en wil nie hoor dat hulle leuens vertel nie. |
| | | | **Getal woorde: 84** |

**Oefening 2**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

***'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik.***

| |
|---|
| Identiteitsinligting moet so veilig moontlik gehou word en persoonlike inligting moet nooit op sosiale media beskikbaar gestel word nie. Moenie jou persoonlike dokumente in die vullisdrom gooi nie, verbrand dit eerder. Vermy ook e-posversoeke waarin jy persoonlike inligting moet bevestig. Wees bedag op die "419"-foefies en moenie aanlyn vriendskappe met vreemdelinge aanknoop nie. Registreer 'n "beskermde registrasie" op jou ID om sodoende jou identiteit te beskerm. |
| **Getal woorde: 67** |

**Of**

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | *Jy moet jou **identiteitsinligting in veilige bewaring** hou.* | A | Identiteitsinligting moet veilig gehou word. |
| 2 | *Wees daarom versigtig **watter inligting jy op sosiale media beskikbaar stel**.* | B | Moenie persoonlike inligting op sosiale media beskikbaar stel nie. |
| 3 | ***Verbrand persoonlike dokumente** wanneer jy dit wil vernietig eerder as om dit in die vullisdrom te gooi.* | C | Moenie persoonlike dokumente in die drom gooi nie, maar verbrand dit. |
| 4 | *Wees boonop bedag op **ongevraagde e-posversoeke wat jou vra om byvoorbeeld jou bankbesonderhede te bevestig.*** | D | Vermy e-posversoeke waarin jy persoonlike inligting moet bevestig. |
| 5 | *Die SABVD sê mense **moet bedag wees op sogenaamde "419"-foefies**.* | E | Wees bedag op die "419"-foefies. |
| 6 | ***Moenie** hierdie **"aanlyn vriendskappe" met vreemdelinge aanknoop** nie!* | F | Moenie vriendskappe met vreemdelinge aanlyn aanknoop nie. |
| 7 | *Roy beveel aan dat mense **by die SABVD 'n "beskermde registrasie" op hul ID laat registreer**.* | G | Registreer 'n "beskermde registrasie" op jou ID. |
| | | | **Getal woorde: 53** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Oefening 3

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

***'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:***

| |
|---|
| Die groeiende ekonomie is besonder positief. Suid-Afrika bied 'n unieke buitelugbelewing aan sy inwoners. Verder bied die land aan sy inwoners en besoekers buitengewone natuurskoon en wêreldklassportgeleenthede. Suid-Afrikaners is trots deel van die wêreldleiers op wetenskaplike gebied. Ons is ook onder die wêreldvoorlopers ten opsigte van geslagsgelykheid en boonop kan jy in Suid-Afrika deel wees van 'n omgeenasie. **Getal woorde: 58** |

**OF**

| | AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING |
|---|---|---|---|
| 1 | *Suid-Afrika toon* ***positiewe ekonomiese groei.*** | A | Die groeiende ekonomie is positief. |
| 2 | *... altyd bly hunker na Suid-Afrika se* ***eiesoortige buiteluglewe*** *...* | B | Suid-Afrika maak 'n buitelugbelewing moontlik. |
| 3 | *En dan is daar nog ons* ***wêreldklassport****.* | C | Suid-Afrika se sport is wêreldklas. |
| 4 | *Suid-Afrika bied aan sy inwoners 'n* ***goue pakket*** *van die mooiste* ***natuurskoon.*** | D | Die land bied aan sy inwoners buitengewone natuurskoon. |
| 5 | *Suid-Afrikaners is* ***skeppende, innoverende wêreldleiers op die gebied van die wetenskap.*** | E | Suid-Afrikaners is trots deel van die wêreldleiers op wetenskaplike gebied. |
| 6 | *Op die gebied van* ***geslagsgelykheid*** *in die werkplek ... is ons* ***die meeste lande voor****.* | F | Ons is onder die voorlopers met betrekking tot geslagsgelykheid. |
| 7 | *Ons het* ***omgee-in-aksie.*** *Suid-Afrikaners soos dié wys dat Madiba se droom van 'n* ***omgeenasie*** *nie dood is nie.* | G | Jy kan hier omgee-in-aksie beleef./Jy kan hier heerlik deel wees van 'n omgeenasie. |
| | | | **Getal woorde: 49** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is. Indien die spelling van die bepaalde woord korrek moet wees, word die spelling verkeerd gemerk al word die antwoord in 'n sin aangebied.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.

Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos die instruksie aangedui.

By meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

**Oefening 4**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

| | **Aanhaling** | | **Eie woorde/ Punt** |
|---|---|---|---|
| **1** | ... die voordeel dat die uitgawes wat met die druk, bind en verspreiding van papierboeke te make het, met e-boeke uitgeskakel word | **1** | Die uitgewers se uitgawes vir die druk, bind en verspreiding van papierboeke word uitgeskakel. |
| **2** | Dit kan natuurlik die uitgewer se risiko kleiner maak. | **2** | Die uitgewer se risiko is kleiner. |
| **3** | Die onmiddellike beskikbaarheid is vir my een van die grootste lekkertes | **3** | Die boeke is onmiddellik beskikbaar. |
| **4** | Drukfoute? Verouderde inhoud? Uitgewers kan dit nou in 'n japtrap regstel en opdateer. | **4** | Uitgewers kan drukfoute vinnig regstel en verouderde inhoud opgradeer. |
| **5** | Boonop kan die prys verander word na gelang van die verkoper se behoefte of strategie. | **5** | Die prys van e-boeke kan verander word na gelang van die uitgewer se behoefte of strategie. |
| **6** | E-boeke is maklik om te dra, want jy kan 'n hele biblioteek van boeke met jou saamdra sonder om oor hulle gewig bekommerd te wees. | **6** | E-lesers kan baie boeke saamdra. |
| **7** | Daarby het boekwurms ook nie die probleem van pakplek nie. | **7** | Pakplek is nie problematies soos met papierboeke nie. |
| | | | |
| | | | **Aantal woorde: 82** |

**OF**

Die uitgewers se uitgawes vir die druk, bind en verspreiding van papierboeke word uitgeskakel. Die uitgewer se risiko is kleiner. Die leser het die voordeel dat die boeke onmiddellik beskikbaar is. Uitgewers kan drukfoute vinnig regstel en verouderde inhoud opgradeer. Die prys van e-boeke kan verander word na gelang van die uitgewer se behoefte of strategie. E-lesers kan terselfdertyd baie boeke saamdra omdat dit nie swaar is is. Pakplek is nie problematies soos met papierboeke nie.

**76 woorde**